

MAGALIESBERG GESINSKERK: NG MARIKANA

NOORDELIKE SINODE

VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van leraar.

GEMEENTEPROFIEL

Die NG Gemeente Magaliesberg Gesinskerk is 'n plattelandse gemeente geleë aan die Magaliesberge. Hierdie gemeente bedien die myndorp, Mooinooi, en die omliggende plaas en plot gemeenskappe. Daar is 'n goeie Laerskool in die dorp, en busvervoer is beskikbaar vir kinders na Hoërskole in Rustenburg en Brits. Die gemeente se plek van aanbidding en kantore is geleë in die ATKV Oord Buffelspoort. Die gemeente bestaan uit 340 belydende lidmate en 78 dooplidmate.

KANDIDAAT

Hierdie leraarspos word vir gelegitimeerdes van die NG Kerk aangebied.

Benewens Artikel 9 van die Kerkorde, is die volgende vereistes vir die kerkraad en gemeente van besondere belang:

- Besondere klem op die suiwerheid van die Woord en leer soos vervat in die belydenisskrifte met die vermoë om aktueel en dinamies te preek vir alle ouderdomsgroepe.
- Met die persoonlikheid en gawes om alle ouderdomsgroepe te bereik. Benewens ons ouer lidmate moet die kandidaat ook die gawe hê om te identifiseer en te werk met die jonger geslag onder ons lidmate, veral gesinne met kinders.
- Die vermoë om binne 'n liggaamsmodel doeltreffend te dien. In die lig hiervan moet die kandidaat 'n deelnemende bestuurstyl hê.
- Pastorale sorg en huisbesoeke sal hoë prioriteit geniet en sal in lyn met die missie en gemeente model van die gemeente met die kerkraad onderhandel word.
- 'n Bereidheid om in te pas by die gemeente se misionale gerigtheid om hulp en hoop te bring binne die plaaslike gemeenskap.

Die Gemeente se model vir die bediening van die gemeentelidmate is beskikbaar op aanvraag.

VERGOEDING

Die vergoedingspakket word aangebied volgens sinodale riglyne tot 'n maksimum van skaal 8 en gebruiklike voordele. Die gemeente beskik nie oor 'n pastorienie, maar 'n behuisingstoelaag word wel aangebied.

AANSOEKE

- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met minstens 3 referente.
- Sluitings datum vir aansoeke is **1 Mei 2020**.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt.
- Stuur aansoek aan: Die Voorsitter van die Pre- AdviesKommissie, **ngmarikana@mweb.co.za**.
- Navrae kan gerig word aan die Pre-Advies Voorsitter, Tjaart Barnard, selfoon nommer **082 8080081** of Hendrik van Gass, selfoonnommer **082 5530343**.

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te doen nie.

Diensaanvaarding: So spoedig as moontlik (of soos onderhandel)